**Maandag 27 Julie**
**Skrifgedeelte: Miga 2:1-13**
**Fokusgedeelte: Miga 2:7 (AFR2020)**
**Die regte begrip van God se lankmoedigheid**

Ons smag na die Here se lankmoedige goedheid in ons lewe. Dié besondere goedheid vind ons deur geloof binne ’n lewende verbondsverhouding met Hom. Die verhouding bestaan uit beloftes en eise. Wanneer ons net vashou aan die Here se beloftes, maar nie die eise dankbaar nastreef nie, volg daar onvermydelik probleme in die verhouding. Dit is wat met Juda gebeur het.

Miga het dit teen die welgestelde leiers wat die magteloses van hulle eiendom beroof deur hulle slinkse planne en arrogante optrede. Daarby het hulle vir hulle valse profete versamel wat hulle gewete kon sus deur net voorspoed te verkondig. Ons moet ook waak teen predikers wat net die Here se beloftes verkondig sonder die eis tot dankbare gehoorsaamheid en liefde.

Weens hulle eensydige vertroue op God se lankmoedigheid word die komende oordeel deur God verkondig (ballingskap). Die valse profete vra: *“Is die Gees dan nie lankmoedig nie?”* (2:7). En ja, die Gees is lankmoedig, maar dit is nooit goedkoop lankmoedigheid nie. Die lankmoedigheid wat hulle wou hê, was ’n ewige wegkyk van hulle sondes. So openbaar hulle hul onopregte diens aan God.

Die koms van Jesus Christus toon aan ons hoe God lankmoedig is. Hy is regverdig – daarom moes daar vir ons skuld betaal word. Maar dat juis Jesus, Self God, vir ons skuld betaal het – dit is lankmoedigheid! Alleen in Christus vind ons die reddende lankmoedigheid van God – waar ons nie van Hom vra om ’n blinde oog te gooi vir ons sondes nie. Nee, waar ons in geloof na Hom vlug met ons skuld, vergewing ontvang, en dan in opregte dankbaarheid binne die ruimte van sy lankmoedigheid streef na ’n heilige lewe. Jesus is die Redder wat in sy lankmoedigheid vir ons ’n deur tot ewige verlossing oopbreek (2:13). Ook vandag doen Hy dit in sy ewige geduld met jou.

*Sing: Psalm 2-1:1, 6*

*Ds. JGL (Deon) van der Walt (Oudtshoorn)*